

20.7 BESWAARSKRIF STREEKSINODE PRETORIA TEEN WYSIGING VAN KERKORDE, ARTIKEL 69 (Artt 42, 200)

- A. Ds BC Smit stel die Beswaarskrif.
- B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie Beswaarskrifte 3 – Kerkregtelik.
- C. Dr RM van der Merwe rapporteer namens die Kommissie Beswaarskrifte 3 – Kerkregtelik.

D. **BESWAARSKRIF**

1. **Besluit waarteen beswaar gemaak word**

“In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooië, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge en Skrifgetroue liedere wat die Sinode goedgekeur het, word in die vryheid van kerke gelaat.”

2. **Beswaargronde**

2.1 *Beswaargrond 1: Besluit is geneem contra KO, art 31*

2.1.1 Beredenering

In 1997 kon 'n Beskrywingspunt oor KO, art 69 nie dien nie op grond van KO, art 31. Die besluit van 1913 was vas en bindend en daar kon nie volgens KO, art 46 enige noodsaaklikheid bewys word vir verandering of dat die aanvanklike besluit in stryd was met Gods Woord nie.

Ook in 2000 slaag 2 Beswaarskrifte teen die besluit van 1913 en 1997 nie, op grond van KO, art 31 en KO, art 46.

Nogtans slaag die besluit in 2012 na aanleiding van 'n Deputaterapport. Die agtergrond van die Rapport is die samesmelting van Gereformeerde Kerke onder ander bevolkingsgroepe met die GKSA, wat 'n nuwe praktiese probleem op die tafel plaas, naamlik: Wat sing ons nou almal saam? Die verskeidenheid van liedere wat by die verskillende kulture in gebruik is, noodsaak nou die wysiging van KO, art. 69, deurdat sogenaamde Skrifgetroue liedere tot die artikel toegevoeg word.

In kort word die verandering van art 69 genoodsaak deur verkeerde praktyke in liturgiese sang, in stryd met KO, art 69. Hierdie wysiging, aanbeveel deur die Deputate, sou ruimte skep vir die verkeerde praktyke om nou goedgekeurde praktyke te word.

Volgens KO, art 31 lê die noodsaak vir verandering daarin dat die bestaande besluit in stryd moet wees met die Woord, of in stryd moet wees met 'n vas en bindende besluit. Die noodsaak kan tog nie in die praktyk, of die akkommodering van mense lê nie. Tog word die aanpassing in 2012 gemaak op grond van 'n praktiese onderlinge reëling ten opsigte van kerklike sang. (Ons kan die verband tussen KO, artt 31 en 46 nie ignoreer nie en tog was dit wel die geval tydens Sinode 2012. Die voorwaarde vir die noodsaaklikheid van KO, art 46 lê opgesluit in die bewoording van KO, art 31.)

In die beredenering deur die Deputate Leerstellige Sake tot die aanloop en die wysiging van KO, art 69, word op die verloop vanaf 1997 gewys. Dit is duidelik uit hierdie verloop dat daar nog glad nie bewys is dat die bestaande artikel in stryd is met Gods Woord of die Kerkorde nie en daarom kon die besware voor 2012 ook nooit slaag nie. Eers in 2009 het die besware 'n nuwe wending gekry na die samesmelting met ander Nasionale Sinodes. Die gronde vir die wysiging het nou verander, weg van die Skrif en die Kerkorde na die praktyk. Aan die Deputate 2000 se opdrag om na te gaan waarom besware teen die wysiging nie kon slaag nie, is nooit uitvoer gegee nie en in 2009 word die opdrag gegee om met in agneming van vorige besluite, 'n beginsel ontwerp te formuleer en 'n moontlike wysiging voor te stel aan die Sinode.

Die vas en bindende besluite van kerklike vergaderings (1913 en 1997) is in hierdie opsig geïgnoreer en 'n praktiese probleem het die norm geword waarop hierdie artikel gewysig is.

Die noodsaak tot die wysiging op Sinode 2012 word verwoord in die volgende aanhaling uit die Acta 2012: *“Dit (KO, art 69) maak nie tans voorsiening vir die verskillende praktyke in die GKSA met betrekking tot wat in die eredienste gesing word nie en hou nie rekening met die verskillende historiese agtergronde nie, en dien dus nie daartoe om die eenheid te behou en te bevorder ten spyte van die verskeidenheid nie.”*

2.1.2 Gevolgtrekking

Die aanbeveling van die Deputate het nêrens KO, art 31 verreken om aan te toon waar of dat die bewoording van KO, art 69 in stryd met Gods Woord of die Kerkorde is nie. 'n Praktiese probleem kan en mag nie so opgelos word deur 'n besluit wat in 1913 geneem is en in 1997 herbevestig is, te verander, sonder om KO, art 31 te verreken nie. Dit is miskien van die Kerkorde waaraan ons ons verbind het.

2.2 *Beswaargrond 2: Die besluit van 2012 is geneem contra KO, 46*

2.2.1 Beredenering

Net soos KO, art 31 is KO, art 46 ook nie verdiskonteer in die Deputate se voorstel nie. Daar word wel in die beredenering van die Rapport na Sinode van 1913 en 1997 se besluite verwys, maar daar is geen motivering waarom die verandering noodsaaklik is nie.

Vorige Sinodebesluite word gelys (Acta 2012:378, 22) om te wys wat tot die opdrag van die Deputate van 2009 gelei het. Dit is wel 'n historiese oorsig oor gebeure, maar indien KO, art 46 in ag geneem is, sou die Rapport van hierdie Deputate waarskynlik anders moes lyk. Die Deputate sou waarskynlik moes uitwys dat art 46 die opdrag onuitvoerbaar maak.

Weereens word die noodsaak tot die wysiging op Sinode 2012 verwoord in die volgende aanhaling uit die Acta 2012 *“Dit (KO, art 69) maak nie tans voorsiening vir die verskillende praktyke in die GKSA met betrekking tot wat in die eredienste gesing word nie en hou nie rekening met die verskillende historiese agtergronde nie, en dien dus nie daartoe om die eenheid te behou en te bevorder ten spyte van die verskeidenheid nie.”*

2.2.2 Gevolgtrekking

Die noodsaak om 'n Kerkorde artikel te wysig bestaan slegs indien dit in stryd is met Gods Woord en die Kerkorde self. Die voorafgaande besluite van Sinode 1913 en 1997 was nie eers beredeneer in die Deputate se verslag nie. KO, art 46 nie deur die Deputate Liturgies en Leerstellig in berekening gebring of toegepas in die aanbevelings tov KO, art 69 nie.

2.3 *Beswaargrond 3: Die Kerkorde is gewysig sonder geleentheid vir “advies deur die kerke” soos in art 86 ooreengekom*

2.3.1 Beredenering

Artikel 86 is 'n logiese samevatting van presbiteriale kerkregering en gee spesifiek uitdrukking daaraan dat die onderlinge ooreenkoms tussen kerke nie ligtelik en sonder instemming verander kan word nie. Dit stel spesifiek dat *“geen besondere kerk, Klassis of Sinode het egter die reg om dit [die Kerkorde te wysig] te doen nie”* en perk ook die Algemene Sinode se magte hieroor in deur te reël dat die Algemene Sinode ook eers so wysigingsbesluit kan neem *“nadat geleentheid vir advies deur die kerke gegee is”*. sien in die verband verklarings van art 86 by Spoelstra en Visser. Hierdie vereiste bring mee dat dit ooglopend onmoontlik is vir 'n Algemene Sinode om sommer so in een sitting die Kerkorde te wysig. Sou die Algemene Sinode dit so doen, matig die afgevaardigdes, wat die Algemene Sinode vorm, hul aan om te handel asof hulle oop volmag selfs oor nuwe sake het, wat hulle nie het nie.

Die besluit van die Algemene Sinode om Kerkorde, art 69 op staande voet te wysig sonder dat dit minstens eers vir 'n rondte advies na die kerke verwys was, wys dat die besluit blatant buite magte geneem was en dus ongeldig en kragteloos is.

Die vereistes van art 86 is logies om sinodekrasie te voorkom en 'n uitdrukking van presbiteriale belydenis: die Kerkorde is nie 'n wet van 'n aardse koning wat met ysterstaf sy wil afdruk nie, maar 'n ooreenkoms tussen kerke gebaseer op die Skrif. Dit volg heeltemal logies dat die kerke oor wysiging van die Kerkorde eers geraadpleeg moet word alvorens sodanige wysigings aangebring word.

Selfs in wêreldse organisasies kan die statute van 'n maatskappy nie gewysig word sonder spesifieke vereistes vir **voorafkennisgewing** wat tydperke insluit en nakoming van verskeie kworum en spesifieke meerderheidsbesluit vereistes nie.

2.3.2 Gevolgtrekking

Die besluit waardeur art 69 gewysig is, is buite orde, aangesien KO, art 86 nie nagekom is nie.

3. Slotsom en versoek

Die feit dat die Kerkorde gewysig kan word, bloot omdat dit nie tans voorsiening vir die verskillende verkeerde praktyke in die GKSA maak nie, is betreurenswaardig. Die behoefte van mense word hier voorop gestel in die besluit oor wat tydens die erediens gesing word.

Die feit dat Kerkorde, artt 31, 46 en 86 nie in ag geneem is nie, is onhoudbaar en onkerkregtelik.

Die feit dat die wese en welwese van Christus se kerk nie eers in enige beredenering genoem is nie, lei tot gevoellose optrede teenoor talle lidmate van die GKSA.

Hierdie Kerkraad versoek die Sinode om die huidige besluit oor KO, art 69 te herroep aangesien dit in stryd is met Skrif, Belydenis en Kerkorde.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Beswaarskrif Streeksinode Pretoria (20.7).

Besluit: Kennis geneem.

2. Agtergrond

Voordat hierdie Beswaarskrif kragtens Skrif, Belydenis en Kerkorde beoordeel kan word, is dit noodsaaklik om die historiese konteks na te gaan waarteen die besluit in gedrang, geneem is. Acta (2012:378–385) het 'n omvattende samevatting van die verloop van die saak daar gestel. Die Kommissie het onder meer daarvan gebruik gemaak:

2.1 *Nasionale Sinodes Potchefstroom 1997-2006*

2.1.1 Tydens die Nasionale Sinode Potchefstroom 1997 het die Suidelike Partikuliere Sinode die volgende Beskrywingspunt aan die Sinode voorgelê: *“Die Nasionale Sinode word versoek om KO, art 69 uit te brei deur na die woorde ‘ander Skrifbelydeninge’ in te voeg: ‘en gekeurde Skrifgetroue liederes’”* (Handelinge 1997:806-809). Dit is noodsaaklik om te beklemtoon dat die Beskrywingspunt ses motiverings (waaronder verskeie Skrifgronde) gee waarom KO, art 69 uitgebrei moet word. Die Sinode het nie aan hierdie Beskrywingspunt gevolg gegee nie. Die motivering was : *“Die liederes wat die Here ons in sy Woord gegee het (dit sluit berymde en te berymde OT en NT liederes in) is vir gebruik in die kerke die beste en voldoende.”*

2.1.2 Tydens die Nasionale Sinode Potchefstroom 2000 het daar Beswaarskrifte teen besluite van Nasionale Sinode 1913, asook teen bogenoemde besluit van Nasionale Sinode Potchefstroom 1997 gediens (Handelinge 2000:458-462). Hierdie Beswaarskrifte is gehandhaaf. Die beswaargrond teen die 1997-besluit wat slaag lui: *“Die Nasionale Sinode gaan in sy motivering nie voldoende in op die eksegetiese en praktiese beredenering van die Beskrywingspunt nie.”*

- 2.1.3 Op aanbeveling van die Kommissierapport het die Nasionale Sinode 2000 toe besluit: *“Die Sinode versoek die Deputate Liturgiese Sake om besluit Nasionale Sinode 1913 (art 143, p48) en besluit Nasionale Sinode 1997 (art 23.6, p809) in die lig van die Beswaarskrifte en die Beskrywingspunt van Suidelike Part Sinode (Acta 1997:807-809) in studie te neem, met Rapport aan die Sinode van 2003”* (Handelinge 2000:462, 6.1). Hierdie besluit kan beskou word as die begin van die proses wat uitgeloop het op die wysiging van KO, art 69 tydens die Tweede Algemene Sinode 2012.
- 2.1.4 Tydens die Nasionale Sinode Potchefstroom 2003 het die Deputate Liturgiese Sake gerapporteer dat as gevolg van die skielike oorlye van die skriba, die Deputate nie aan bogenoemde opdrag van Sinode 2000 uitvoering kon gee nie. (Handelinge 2003:669, 5). Die Sinode het toe besluit dat nuwe Deputate opdrag kry om die besluite van Sinode 2000 uit te voer met inagneming van die Beskrywingspunte en Beswaarskrifte van Sinode 2003 op hierdie besluit van toepassing (Handelinge 2003:669, 5.2.1.2). Twee Beswaarskrifte teen die bewoording van KO, art 69 het voor die Nasionale Sinode Potchefstroom 2003 gediën (Handelinge 2003:502-527). Ten opsigte van beide hierdie Beswaarskrifte is ‘n Ordevoorstel aanvaar dat nie gevolg gegee word aan die Beswaarskrifte nie, maar dat die Beswaarskrifte verwys word na die Deputate Leerstellige Sake. Albei Beswaarskrifte het volgens die motivering van die beswaargronde (met onder andere Skrifgegewens) die noodsaak bevestig om opnuut oor KO, art 69 te besin.
- 2.1.5 Tydens die Nasionale Sinode Potchefstroom 2006 het daar twee Deputaterapporte gediën wat met KO, art 69 te doen het, naamlik die Rapport van Deputate Leerstellig insake Skrif- en Belydenisgetroue lied (Handelinge 2006:557-571) en die Aanvullende Rapport van Deputate Liturgies insake Beoordeling van Beskrywingspunt: Uitbreiding van KO, art 69 (Handelinge 2006:614-626). Op grond van ‘n Ordevoorstel het die Sinode die volgende besluit: *“Dat in die lig van die tydsbeperking die Sinode nie nou die saak tov Skrif- en Belydenisgetroue lied volledig afhandel nie. Dat alle relevante materiaal in die Deputaterapporte en huidige Kommissierapporte, asook die twee Beswaarskrifte van Klassis Johannesburg en Randvaal se Part Sinode (2003) na die Deputate Leerstellige Sake verwys word om die volgende Nasionale of Algemene Sinode oor die besluitneming te adviseer.”*
- 2.1.6 Uit bogenoemde is dit duidelik dat die saak oor die moontlike wysiging van KO, art 69 in die Nasionale Sinodes ‘n lang verloop het. Daar is verskeie gronde (waaronder Skrifgronde) aangevoer waarom daar opnuut oor die bewoording van KO, art 69 besin moet word.

2.2 *Eerste Algemene Sinode 2009*

- 2.2.1 ‘n Rapport van die Deputate Leerstellige Sake wat deur Sinode 2006 insake die Skrif- en Belydenisgetroue lied aangewys is, het voor die Eerste Algemene Sinode 2009 gediën (Handelinge 2009:724-743). Hierdie Rapport is na die Kommissie Liturgiese Sake 2 verwys.
- 2.2.2 Met die terugrapportering deur die Kommissie Liturgiese Sake 2 was daar ‘n lang debat. Uiteindelik is die saak na ‘n ad hoc-kommissie verwys. Op aanbeveling van hierdie Kommissie het die Sinode soos volg besluit (Handelinge 2009:743):
1. *KO, art 69 se formulering beklemtoon die belangrikheid van Skrifgetrouheid ten opsigte van die liedere wat in die erediens gesing word.*
 2. *KO, art 69 kan gewysig word soos enige ander artikel ooreenkomstig KO, art 86.*
 3. *Die Sinode is bewus van en erken die gegewe dat daar tans verskillende praktyke in die kerke is met betrekking tot wat in die erediens gesing word. Die Sinode is ook bewus van die noodsaaklikheid om eenheid te behou en te bevorder ten spyte van die verskille, en wys derhalwe Deputate aan met die volgende opdrag:*

- 3.1. *Om met inagneming van vorige Sinodebesluite (GKSA Potchefstroom en Middellande), die Deputaterapport en die Kommissierapport van 2009, 'n omvattende beginselontwerp te formuleer waaraan bestaande en nuwe liedere getoets kan word.*
 - 3.2. *Om 'n moontlike wysigingsformulering vir KO, art 69 voor te stel vir oorweging deur die Sinode.*
 4. *Hierdie Deputate moet verteenwoordigend uit alle kerke saamgestel word.*
 5. *Die Sinode moedig kerke, waar ander praktyke gevolg word (kyk 3 hierbo), aan om Psalms, Skrifberymings en ander geestelike liedere aan die Deputate voor te lê vir beoordeling deur die volgende Sinode.*
- Besluit: Besluit goedgekeur. Die Deputate se naam is Deputate vir Liturgiese Sake.***
- 2.2.3 Aan die volgende twee beskrywingspunte is tydens Algemene Sinode 2009 gevolg gegee (Handelinge 2009:762-765): 'n Beskrywingspunt van die Streeksinode Bosveld wat soos volg lui: *"Dat die praktyk om Sionsliedere in die Gereformeerde erediens te sing, in samehang met bestaande Sinodebesluite en die kerkregtelike reëling van KO, art 69 deur die Algemene Sinode van die GKSA uitgeklaar word."*¹
- 'n Beskrywingspunt van die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal wat soos volg lui: *"Die tweede Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal (November 2008) versoek die eerste Algemene Sinode (Januarie 2009) om, in die lig van die nuwe samestelling van meerdere vergaderings, die saak van KO, art 69 en die sing van Sionsliedere ordelik volgens KO, art 30 aan die orde te stel om kerke te lei ten opsigte van die regsinnigheid van liedere en die gebruik om net liedere wat as 'Skrifberyminge' getipeer kan word in die erediens toe te laat. Hierdie saak is nog nooit volgens KO, art 46 afgehandel nie."*
- 2.2.4 Daar is aan albei hierdie Beskrywingspunte gevolg gegee en die volgende aanbevelings van die Kommissie Liturgiese Sake 2 is goedgekeur (Handelinge 2009:763, 765):
- 2.1.1. *Dat Deputate aangewys word met die opdrag om elkeen van die verteenwoordigende kerke se unieke situasie en uitdagings oor kerksang in die liturgie te identifiseer en KO, art 69 toe te pas.*
 - 2.1.2. *Hierdie te benoeme Deputate moet verteenwoordigend wees van al die verskillende kerkkulture, verkieslik kundiges rakende kerksang asook persone wat die tale van die bepaalde kerke magtig is"*
- Daar word egter by laasgenoemde Beskrywingspunt (Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal) die volgende punt bygevoeg:
- 2.1.3. *Dat die gesprekke en besinning die inhoud, toepassing en moontlike verandering van KO, art 69 insluit."*
- 2.2.5 Konklusie – Die Eerste Algemene Sinode 2009 het by twee afsonderlike geleenthede oor 'n opdrag om te besin oor die moontlike wysiging van KO, art 69 besluit: 'n Sinodebesluit op grond van 'n Deputaterapport, asook 'n besluit op grond van 'n Beskrywingspunt waaraan gevolg gegee is.
- 2.3 *Opdrag aan Deputate vir Liturgiese Sake en uitvoering van opdrag*
- 2.3.1 Die Deputate vir Liturgiese Sake het die volgende opdrag van die Eerste Algemene Sinode 2009 ontvang.
- Om 'n moontlike wysigingsformulering vir KO, art 69 voor te stel vir oorweging deur die Sinode (Acta 2009:743, 3.2 – volledige besluit in 2.2.2. van hierdie Rapport).*
- 2.3.2 Die Tweede Algemene Sinode 2012 besluit om KO, art 69 soos volg te wysig:

¹ Die Deputate Liturgiese Sake en Opdrag KO, art 69 se aandag is daarop gevestig dat die Streeksinode Bosveld die sing van Lutherse liedere bedoel het. Weens 'n skryffout het die woorde "Sionsliedere" in plaas van "Lutherse liedere" in die Beskrywingspunt wat aan die Algemene Sinode deurgegee is, voorgekom.

“In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooië, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge en Skrifgetroue liedere wat die Sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die Kerkrade gelaat.”

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.2 kennis geneem.

3. Beswaargronde

3.1 Beswaargrond 1

Die besluit is geneem contra KO, art 31.

3.1.1 Beredenering

Die bewoording van die ou KO, art 69 berus op 'n besluit van 1913. Die besluit van 1913 is in 1997 getoets en onveranderd gelaat. Die Beswaardes beweer dat die noodsaak (KO, art 46) vir die verandering van KO, art 69 in 2012 nie aangetoon is ten opsigte van die besluite van 1913 en 1997 (wat kragtens KO, art 31 vas en bindend is) nie. Die besluite van 1913 en 1997 is volgens die Beswaardes verander sonder om aan te toon dat dit in stryd met God's Woord of die Kerkorde is (KO, art 31).

Die Beswaardes se beredenering in die motivering gaan uit van die veronderstelling dat alhoewel twee Beswaarskrifte teen hierdie besluite in 2000 **nie** gehandhaaf is nie, word die Kerkorde tog verander na aanleiding van 'n Deputaterapport (2012). Hierdie Deputaterapport beredeneer dat die noodsaak van verandering van die bewoording van KO, art 69 nodig geraak het na aanleiding van die samesmelting van die ou Nasionale Sinodes. Die samesmelting van die ou Nasionale Sinodes het veroorsaak dat die liedere wat in die kerke gesing word nie meer binne die bestek van die bedoeling van KO, art 69 is nie.

*Die Kommissie bring onder die Sinode se aandag dat die Beswaardes van die standpunt af uitgaan dat die besluit van 1913 en 1997 ten tye van die Deputaterapport (2012) steeds gestaan het. Die Beswaardes is egter nie reg dat die twee Beswaarskrifte in 2000 teen die besluite van 1913 en 1997 nie geslaag het nie. Die twee Beswaarskrifte het in 2000 **wel** geslaag. Dit beteken dat die besluite van 1913 en 1997 gerojêer is en nie meer bestaan het in 2012 ten tye van die Deputaterapport nie. Daarom is die beroep op KO, art 31 nie ad rem as grond waarom die KO, art 69 nie verander mag word nie. Die toepassing van KO, art 31 veronderstel dat daar 'n vas en bindende besluit moet wees, 'n besluit wat egter nie meer bestaan nie. Die opdrag tot wysiging van KO, art 69 was dus nie in stryd met KO, art 31 nie.*

3.1.2 Bevinding

Beswaargrond 1 bewys nie dat die verandering van KO, art 69 in stryd met KO, art 31 verander is nie.

3.2 Beswaargrond 2

Die besluit van 2012 is geneem contra KO, art 46

3.2.1 Beredenering

Die Beswaardes beredeneer dat die noodsaak vir die verandering van die KO, art 69 nie aangetoon is, soos KO, art 46 bepaal nie. Die Beswaardes se **veronderstelling** dat die besluite van 1913 en 1997 steeds staan, laat hulle tot die slotsom kom dat die noodsaak vir die verandering van die twee besluite nie aangetoon is in die besluit van 2012 nie.

*Die besluite van 1913 en 1997 **bestaan nie** meer nie omdat twee Beswaarskrifte teen die besluite in 2000 gehandhaaf is. Die Beswaardes is verkeerd as hulle aandui dat die besluite van 1913 en 1997 eers (kragtens KO, art 46) beredeneer moes word voordat KO, art 69 verander is. Besluite wat gerojêer is, kan nie kragtens KO, art 46 beredeneer word nie.*

3.2.2 Bevinding

Aangesien die besluite van 1913 en 1997 gerojeer is, was die opdrag aan die Deputate insake die verandering van KO, art 69 nie in stryd met KO, art 46 nie

3.3 *Beswaargrond 3*

Die Kerkorde is gewysig sonder geleentheid vir “advies deur die kerke” soos in art 86 ooreengekom.

3.3.1 Beredenering

Die Beswaarskrif beredeneer dat KO, art 69 nie **sonder die advies van die kerke** verander mag word nie. Hierdie *advies van die kerke* (KO, art 86) was toegepas toe die GKSA nog in Nasionale Sinodes byeen gekom het. Die advies van die Nasionale Sinodes moes verkry word ... (KO, art 86).

*Die Beswaarskrif hou nie rekening met die nuutste formulering van die KO, art 86 na die veranderende samestelling van die Algemene Sinode nie. Die bepaling oor die “advies van die kerke” is na die samesmelting van die Nasionale Sinodes in een Algemene Sinode **verander**. Die sinsnede bestaan dus nie meer as deel van KO, art 86 nie.*

Die wysiging van KO, art 69 is daarom nie in stryd met KO, art 86 nie.

3.3.2 Bevinding

Hierdie beswaargrond bewys nie dat KO, art 69 wederregtelik verander is nie.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3.2 kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode besluit

4.1 *Aanbeveling : Beswaargrond 1*

Beswaargrond 1 slaag nie.

4.2 *Aanbeveling : Beswaargrond 2*

Beswaargrond 2 slaag nie.

4.3 *Aanbeveling : Beswaargrond 3*

Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.3 goedgekeur.

5. Samevattende aanbeveling

Dat die Beswaarskrif in sy geheel nie slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.